


# Grieksz

# Mitologie

## Die Verhaal van Persephone



Die Griekse godin, Persephone, was die kind van Demeter, die godin van die aarde se vrugbaarheid en oes en Zeus die koning van al die Olimpiese Gode.



Demeter was die mees koesterende godin en was op haar beurt die mees koesterende moeder. Sy het net so diep vir haar dogter Persephone omgee as vir die aarde.


Persephone het gelukkige, vrugbare kinderjare beleef, en met die ander Olimpiese kinders gespeel en haar tyd in die tuine van Olympus deur gebring.



By een geleentheid, terwyl Persephone egter besig was om die blom Affodille, saam met 'n groep van haar gunsteling blom nimfe te pluk, het die aarde skielik oop gegaan.



Uit die diep, donker swartheid het Hades te voorskyn gekom.  
Van sy plek in die Onderwêreld het hy gesien hoe Persephone  
se onskuldige skoonheid tot glans groei. Hy wou bitter graag  
hê dat sy, sy Koningin van die Onderwêreld moes wees.



So, eendag het hy Zeus genader om toestemming te vra om Persephone as sy koningin te neem.

Met min kommer oor hoe Demeter op so 'n versoek sou reageer, het Zeus ingestem en Hades is toestemming gegee.



Nou, Hades, het by die aanskoue van Persephone se natuurlike maar ryk skoonheid haar hand vas gegryp en haar saggies saam met hom na die Onderwêreld geneem. Persephone het vir haar dierbare ma Demeter geskreeu maar tevergeefs. Nou in die Onderwêreld was Persephone onder Hades se beheer.



Demeter het die tuine genader waar Persephone gewoonlik met die nimfe gespeel het maar kon haar dogter nêrens meer kry nie.






Sy het een spesifieke nimf in 'n bos gevind, een wat gewoonlik gespog het met Meerjarige Purperwinde blomme in haar hare, waar sy snikkend gelê het; die blomme het gestrooi langs die welige gras gelê.

Demeter het haar sagkens gevra waar Persephone is. Die nimf, in ang's wou nie antwoord nie.






Demeter, getref met hartseer, het die aarde deur geskuur  
op soek na haar dogter. Haar ontsaglike hartseer het  
veroorzaak dat die aarde donker, koud en onvrugbaar  
geword het. Die eens welige weivelde het vergeel. Die  
bome het gekrul en gevou. Die reën het op gehou.

Nadat sy die hele lewende land deur soek het, het Demeter uiteindelik vir Zeus gekontak. Hy het haar ingelig van Persephone se huwelik met Hades in die Onderwêreld. Demeter het in 'n moederlike woede gegroei. Sy het Zeus geëis om Persephone aan haar sorg terug te gee.

Maar Zeus het geweier.



A stylized illustration of a winter forest. The scene is filled with falling snow, represented by numerous small white dots. Several tall, dark, bare trees stand in the foreground and middle ground. The ground is covered in a layer of snow, with some small, white, spiky plants visible. The overall color palette is muted, consisting of greys, whites, and dark browns.

Demeter het Olympus verlaat en gekyk hoe die aarde begin vergaan sonder haar koestering.

Sy het probeer om Zeus te straf omdat hy haar en hul dogter verraaï het. Die nou geel weivelde het swart geword en in stof ontbind. Die bome het begin krimp in die harde grond. Die riviere het kleiner geword en die mere het gevries.

Zeus het geen ander keuse gehad as om in te stem tot Demeter se eise nie.

Hy het vir Hermes die boodskapper gesê om Persephone terug na Demeter se sorg te bring.



In die onderwêreld het Persephone lief geword vir Hades, wat haar met deernis behandel het en haar as sy koningin lief gehad het. Soos sy in Olympus sou wees, het sy ewig mooi in die Onderwêreld gebly.

Hades het haar vriendelike en koesterende geaardheid bewonder. Persephone het egter haar baie na haar dierbare ma verlang en wou graag tyd saam met haar op aarde deurbring.



Toe Hermes die Onderwêreld bereik, het hy versoek dat Persephone saam met hom terug kom aarde toe om weer by haar ma en pa aan te sluit.

Hades het geweet hy kon nie die bevele van Zeus weier nie, maar kon ook nie van sy geliefde Persephone skei nie.



Voordat sy uit die Onderwêreld vertrek het, het Hades vir Persephone 'n granaat as afskeid aan gebied. Dit was egter 'n slinkse stap deur Hades.

Al die Olimpiërs het geweet dat as iemand iets in die Onderwêreld eet of drink, hulle bestem sou wees om vir ewig daar te bly, soos die Skikgodinne gewaarsku het.

Selvs Demeter het Persephone van hierdie lot gewaarsku en haar opdrag gegee om nooit iets daar te eet of te drink nie.





Deur aan haar ma te dink, het Persephone besluit om eerder die klein pitjies van die granaat te eet – met die veronderstelling dat dit nie as verbruik sou tel nie.


Min het Persephone geweet, maar dit was presies hoekom Hades vir haar die granaat gegee het.



Nadat hulle ses van die sade geëet het, is Persephone deur die Skikgodinne genader, wat vir haar gesê het dat sy vir ewig in die Onderwêreld as Hades se Koningin sal bly.



Hermes het ongelukkig terug gegaan na Zeus en Demeter, wat angstig gesit en wag het op haar dogter se terugkeer. By die aanskoue van Hermes alleen het Demeter in 'n vlaag van ontsaglike hartseer en snikke verval - sy het besef wat Hades moes gedoen het om Persephone daar te hou.



Zeus, aangesien hy die magtige koning van alle gode is, kon egter nie toelaat dat sy geliefde land vervalde en onvrugbaar raak nie en so het hy met Hades self ontmoet. Met die hulp van Hermes is die berugte ooreenkoms gesluit.



Omdat Hades die jong Persephone bedrieglik mislei het om die granaat te eet, is hy beveel om Persephone toe te laat om haar arme ma bo sy domein te besoek.

In ruil daarvoor het Zeus 'n bindende ooreenkoms belowe wat Hades toegelaat het om Persephone 'n maand te hê vir elke saad wat sy geëet het.




Dus, vir die helfte van elke jaar, sou Persephone op die troon van die Onderwêreld langs Hades sit.



Tydens Persephone se ses maande op aarde wat sy met haar ma herenig was, was die land vrugbaar, pragtig en warm.

Die weivelde was welig en van die diepste groen. Die bome was hoog, stewig en vrugbaar. Die reën het gereeld gekom en droogte was ongesiens.



Wanneer Persephone die land verlaat en Hades se domein betree het, het die aarde 'n koue, donker tydperk beleef sonder groei. Demeter het vir haar dogter getreur en het min tyd gehad om die land te versorg.





Dus, volgens die Griekse mitologie, is die seisoene geskep; die herfs en winter maande was toe Persephone op die troon van die Onderwêreld langs Hades gesit het....



... en die lente en somer maande was toe Persephone met haar dierbare ma, Demeter, herenig was.





# THINK

DIGITAL ACADEMY

